

- d. Die volgende areas sal buite perke vir die leerders wees:
 - i. Administratiewe kantore (Ontvangsarea)
 - ii. Groepvorming binne en buite die skoolhekke
 - iii. Verbode terreine soos in die skoolreëls uiteengesit of soos afgekondig sal word.

Die skoolhekke kan in die oggend 'n plek wees waar leerders saamdrom om die skoolterrein te betree. Die skool tref die volgende reëlings om te verseker dat leerders nie saamdrom nie:

- a. Leerders kan slegs toegang by die hekkie voor die administratieweblok verkry.
- b. Daar sal lyne 1,5 meter uitmekaar buite die skool, weerskante van die hekkie by die administratieweblok, getrek word waar die leerders in 'n ry moet aanmeld. Die doel van die merke is om die "veilige" afstand tussen persone te handhaaf.
- c. By die hek sal daar personeel wees wat die leerders ondervra en hulle temperatuur monitor, voor hulle die terrein met hul gesigsmaskers aan, mag betree.
- d. Vra asseblief u kind om rustig en op 'n ordelike manier geduldig te wag om by die terrein in te kom.
- e. Leerders moet direk na skool afgehaal word, en mag nie voor die skoolhek vir hul ouers of publieke vervoer, wag nie.
- f. Afgekondigde maatreëls deur die president, moet gerespekteer word.

3. PERSOONLIKE HIGIËNE: Hierdie vorm die kern en elkeen moet dit asb. nakom:

- a. Was u hele lyf voor u skool toe kom, en trek skoon, gewaste klere aan.
- b. Hande moet gereeld volgens die voorgeskrewe maatreëls gewas word.
- c. Uitleen van skryfbehoeftes, skryfboeke, handboeke, selfone, ens. word nie toegelaat nie.
- d. Ontsmet die lessenaar in die klas elke keer voor u gaan sit.
- e. Die dra van 'n gesigsmasker vir die duur van die skooldag, tot u weer by die huis kom, is verpligtend.
- f. Fisiese kontak moet te alle tye vermy word.
- g. Handhaaf 'n ruimte van ten minste 1,5m tussen u en ander persone.
- h. Was/ontsmet u hande voor u aan enigiets by die huis vat.

4. ALGEMENE RIGLYNE BY DIE SKOOL

- a. Al die voorgeskrewe riglyne moet nagekom word. Leerders wat dit nie nakom nie, sal geïsoleer word en mag nie verder die skool bywoon, of met ander persone in aanraking kom, tot hul ouers hulle by die skool kom afhaal nie.
- b. Die dra van gesigsmaskers is verpligtend.
- c. Openinge sal, tot 'n ander reëling getref word, elke oggend in die registerklas geskied en oor die interkom hanteer word. Die klaslokale sal tussen 07:00 en 07:15 oopgesluit word, sodat leerders direk daarheen kan gaan vir die begin van die skooldag..
- d. Tydens die aankoms by die skool en wisseling tussen periodes, moet leerders in reguit rye agter mekaar beweeg, met 'n spasie van ongeveer 1,5m tussen hulle.
- e. Die gange en trappe gaan slegs voorsiening maak vir eenrigting verkeer.
- f. Tydens pouses moet die fisiese afstand steeds eerbiedig word. Groepies moet die afstande steeds handhaaf.
- g. Tydens pouses sal die leerders per graad, op die voorgeskrewe terreine verkeer.
- h. Besoeke aan die kleedkamers sal gemonitor word deur die terreindienspersoneel en die VRL aan diens.
- i. 'n Maksimum van 4 leerders op 'n slag, sal in 'n kleedkamer toegelaat word afhangende van die aantal beskikbare toilette. Toilette word soos volg ingedeel: (Die indeling is gedoen om die lading op die kleedkamers eweredig te versprei. Dit is bepaal volgens die aantal seuns en dogters per graad).
 - Gr 8 en 9 Dogters – toilette onder by me Auret se klas
 - Gr 10 en 12 Dogters – senior toilette bo, langs die glasgang
 - Gr 11 Dogters – toilette langs die kafeteria
 - Gr 8, 9 en 10 Seuns – toilette bo by mnr Kruger se klas
 - Gr 11 Seuns – toilette langs die kafeteria
 - Gr 12 Seuns – senior toilette onder, langs die glasgang
- j. Hande moet na die besoek aan die toilette met seep en water gewas word. Handreinigers en papierhandoeke sal in die badkamers beskikbaar wees.

- k. Besoeke aan die kafeteria sal gemonitor word deur die terreindienspersoneel en die VRL aan diens. Bediening by die kafeteria sal slegs by die deur, aan die vierkant se gedeelte geskied.
- l. Na pouses tree die leerders op die aangeduide plekke, wat voorsiening maak vir 2m ruimtes tussen mekaar, aan. Hulle sal weer graad vir graad na die klasse verdaag.
- m. Aan die einde van die skooldag en voor pouses, sal die leerders klas vir klas verdaag word.

5. RIGLYNE IN DIE ONDERRIGLOKAAL

- a. Banke word herangskik en sitplekke word heringedeel, om te verseker dat die maksimum afstand tussen die leerders verkry word.
- b. Met aankoms stap die leerders in en gaan sit onmiddellik op hul stoele/in hul banke.
- c. Die onderwyser groet.
- d. Tafel/bank word ontsmet.
- e. Skryfboeke en handboeke word uitgehaal met die opdrag van die vakonderwyser.
- f. Geen leerder mag gedurende die lesperiode sy bank, om welke rede ookal, verlaat nie, tensy die onderwyser so 'n opdrag gee.
- g. Indien die klok aan die einde van 'n periode lui, bly die leerders sit.
- h. Op die onderwyseropdrag word skryfboeke en handboeke weggepak, terwyl die leerders steeds sit.
- i. Nadat die onderwyser gegroet het, bly die leerders steeds sit.
- j. Die onderwyser sal die klas ry vir ry verdaag.
- k. Die klasse gaan nie almal gelyktydig verdaag nie, maar per klas soos wat dit afgekondig sal word.

6. PERSONEELKAMER

- a. Die stoele is so uitgepak dat die ruimte tussenin 1,5m is.
- b. Die personeel moet elke keer op dieselfde stoel sit.
- c. Voor die personeel klas toe verdaag, moet hulle hul hande ontsmet.

7. KANTORE

- a. Merke sal op die vloere op die stoep voor ontvangs, aangebring word waar besoekers moet wag voor hulle die ontvangsgedeelte mag betree.
- b. Binne die ontvangsarea sal daar ook merke 2m vanaf die ontvangstonbank wees.
- c. Besoekers moet dit vermy om op die toonbanke te leun.
- d. Nadat 'n besoeker wat op 'n stoel gesit het, die kantoor verlaat, sal die stoel ontsmet word.

8. KOMMUNIKASIE

Dit is baie belangrik dat daar openlike en eerlike kommunikasie tussen die skool en ouerhuis moet wees. Kontak die skool asseblief telefonies of per e-pos, indien enige van onderstaande u raak:

a. Skoolbywoning:

Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon, by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom. Ons het reeds baie akademiese tyd met die inperkingstydperk verloor. Leerders moet asseblief nie onnodig wegbly nie. Alle skoolreëls, soos vervat in die gedragskode geld steeds.

b. Raad aan die leerders

- i. Moenie probeer om probleme, vrese of siekte alleen te hanteer nie - vra vrae en meld dit aan. Vertel vir iemand as jy siek is. Moet dit nie 'n geheim hou nie, dit is nie 'n skande nie.
- ii. Beskerm jouself en aanvaar verantwoordelik vir jou eie gesondheid.
- iii. Stel 'n voorbeeld vir ander leerders en wees 'n leier.
- iv. Daar mag geen stigmatisering van siek leerders plaasvind nie. Dit sal soos 'boeliegedrag' deur die skool hanteer word.
- v. Sosialisering op sosiale media moet nou inspirerend en bemoedigend wees.

9. STRATEGIE VAN DIE SKOOL MET DIE UITBREEK VAN COVID-19 IN DIE SKOOL

- a. Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- b. Die betrokke partye sal dadelik vir toetse gestuur word saam met sy/haar ouers of naby familie.
- c. Die betrokke partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- d. Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- e. Die ouers moet onmiddellik kontak maak met die bure of gemeenskap.

- f. Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- g. Die skoolbestuur het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

10. DIE SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK

- a. Die skoolbeheerliggaam
- b. Berader – mnr Blackie Swart (0726564754)
- c. Die Wynlanddistrikskantoor
- d. WKOD
- e. Ons skool se ouergemeenskap
- f. Nasionale Hulplyn (0800 029 999)
- g. Provinsiale Hulplyn (021 928 4102)
- h. Nasionale Whatsapp (0600 123 456)
- i. Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- j. Worcester Mediclinic (023 348 1500)
- k. Worcester Hospitaal (023 348 1100 of 023 348 1211)

11. PROSEDURE OM TE VOLG MET 'N SIEK PERSOON IN DIE HUIS

- a. Help die siek persoon om die betrokke dokter se instruksies vir versorging en medisyne te volg.
- b. Hou die telefoonnommer van die dokter byderhand.
- c. Vir die meeste mense duur die simptome 'n paar dae en voel hulle na 'n week beter.
- d. Sorg dat die siek persoon baie vloeistowwe drink en rus.
- e. Oorweeg dit, indien moontlik, om die benodigde items deur 'n afleweringdiens te laat aflewer.
- f. Sorg vir die persoon se troeteldier(e) en beperk die kontak tussen die siek persoon en sy of haar troeteldier(e), indien moontlik.
- g. Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:
 - i. Skakel die dokter as die persoon steeds sieker word.
 - ii. Vir mediese noodgevalle, skakel 911 en sê dat die siek persoon COVID-19 het of moontlik kan hê.
 - iii. Mense wat noodwaarskuwingstekens vir COVID-19 ontwikkel, moet dadelik 911 skakel.
 - iv. Noodwaarskuwingstekens sluit in:
 - Probleme met asemhaling: Kort van asem of asemnood.
 - Aanhoudende pyn of druk in die bors.
 - Verwarring of onvermoë om wakker te word.
 - Blouerige lippe of gesig.
 - Koue koors.
 - Seer keel.
 - Verlies van smaak- en reukvermoë.
 - Hoofpyn en lyfseer.
 - LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.
- h. Beskerm jouself as jy iemand wat siek is, versorg:
 - i. COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer 2 meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoës of nies.
 - ii. Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko is vir 'n ernstige siekte soos COVID-19 nie.
 - iii. Gebruik 'n aparte slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy of haar eie "siekkamer" of omgewing weg van ander mense hê, indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n aparte badkamer gebruik.
 - iv. Gedeelde ruimte:
 - As julle die ruimte moet deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalingsdruppels uit die lug te verwyder.
 - Vermyn besoekers:
 - Vermyn onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes is.

- Eet in aparte kamers of areas:
- Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy kamer eet (of gevoed word).
- Was skottelgoed met handskoene en warm water.
- Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.
- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het.
- **Moenie deel nie:**
 - a. Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektronika met die siek persoon deel nie.

2. PROSEDURE WANNEER 'N PERSOON WAT SIEK WAS, GESOND GEWORD HET

- a. Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.
- b. Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- c. Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- d. Die ouers moet die skool skakel en die negatiewe uitslag aan hulle verskaf.
- e. Die skoolhoof sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

3. EKSTRA HULP EN SKENKINGS (NB!)

- a. Ouers wat bereid is om te kom help met kontrole en die toepassing van die sosiale afstand, moet asb 'n e-pos stuur na hoof@monties.co.za. Hierdie persone moet bereid wees om opleiding te ondergaan en om te help sonder vergoeding.
- b. Indien u ekstra maskers en ontsmettingsmiddels vir die skool kan skenk, sal dit baie waardeer word. Dit sal vir behoeftige leerders aangewend word. Stuur 'n e-pos na hoof@monties.co.za

14. AFSTANDSONDERRIG

Aangesien die terugkeer van die verskillende grade stelselmatig gaan geskied, gaan die afstandsonderrig steeds voort.

- a. Ouers en die gemeenskap word amptelik deur die WKOD gevra om die beskikbare platforms van die skool, asook ander hulpmiddels, te gebruik.
- b. Ouers moet asb alles doen om leerders te ondersteun en van hulp te wees waar daar 'n behoefte is.
- c. Alle huiswerk en klaswerk sal steeds op D6 beskikbaar wees en aanlynklasse sal met Google Classroom en Whatsapp voortgaan. Dit is nodig vir grade wat eers in fases terug skool toe kom en leerders wat moontlik siek is en by die huis moet bly.
- d. Die skool sal aanlynklasse monitor en terugvoer gee.

ONTHOU: MONTIEWEES IS 'N FEES

Vriendelike groete en wees veilig.



D J Diedericks
SKOOLHOOF